

Skrifgedeelte: Psalm 7 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Psalm 7:18

Oproep tot lof aan die Here

Die Psalms is 'n wonderlike gawe uit God se hand! Deur hierdie gedigte uit die pen van gelowiges help die Heilige Gees ons om die volle spektrum van emosies wat deel uitmaak van 'n gebroke wêreld, te hanteer. Psalm 7 is 'n psalm vol kragtige waarhede vir elkeen wat aan die ontvangkant is van onverdiende swaarkry en onregverdigte behandeling.

Hoe dikwels beleef ons nie dat daar mense is wat ons onregverdig beskuldig of selfs onregverdig behandel? Die ergste is sekerlik as dit vanuit ons perspektief lyk asof hulle daarmee gaan wegkom!

Dawid, wat iets soortgelyks aan sy lyf beleef, eindig die Psalm op hierdie wonderlike hoogtepunt (vs 18): *“Ek wil die Here prys vir sy regverdige optrede; ek wil die Naam van die Here, die Allerhoogste, besing.”*

'n Paar belangrike waarhede help hom om van moedeloosheid tot lofprysing te beweeg: Hy draai dadelik met sy swaar gemoed, wat hy baie grafies beskryf in vers 3, na die Here toe (vs 1-2). Hy is nie bang vir diep selfondersoek nie! Hy vra die Here om vir hom sy sonde uit te wys en hy is bereid om die verantwoordelikheid daarvoor te dra (vs 4-6). In vers 7-13 roep hy die Here op, op grond van hoe hy Hom ken, om in te gryp. Hy ken God as Een wat omgee oor onreg en wat baie dieper kwaad word daaroor as wat ons ooit kan word (vs 7). Hy ken God egter ook as die enigste ware Koning (vs 8), die regverdige God en Regter (vs 10, 12) en as die krygsman (vs 13-14) wat belowe om iets hieraan te doen! Niks van die onreg gaan by God verby nie en Hy gee regtig om. In die laaste plek herinner hy homself aan die waarheid dat God die wêreld so ontwerp het dat slim sy baas uiteindelik vang (vs 15-17).

Sy uiteindelijke lofprysing is die gevolg van 'n hart wat homself in moeilike omstandighede herinner aan Wie God is en dat Hy die laaste sê het! Wie ons God is, word natuurlik die duidelikste sigbaar in ons Here Jesus: sy volmaak regverdige lewe en sy onregverdige kruisdood. God se omgee word sigbaar aan die kruis in sy haat vir, en sy regverdige oordeel oor, die sonde. Dit is die kruis van Jesus wat selfondersoek en bekering moontlik maak (vs 13). Ons geloof in Hom laat ons deel kry in sy geregtigheid sodat ons vol hoop en in nederigheid kan kwaad word oor alle onreg. Ons regverdige, genadige God sal die laaste sê hê, en buite Jesus sal mense die volle gevolge van hulle sonde dra!

Sing: Psalm 119-1:57, 62

Ds. TF (Thomas) Dreyer (Cross Culture Church)